DIE BRIEF AAN DIE GEMEENTE VAN EFESE:
Christus, afbreker van daardie muur wat mense van mekaar skei

Tekste: Gesang 153: 3; Romeine 1: 7, 1933; Jeremia 31: 31-34, 2007.
Fokus teks: Efesiërs 2: 11-22, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

AANKONDIGINGS:

- Zuurfontein gemeente het gegroei met vier nuwe intrekkers in die gemeente. Ons sê baie welkom aan: Hennie & Susan van der Sandt (NG moedergemeente Witbank) + Lappies & Hetta Labuschagne (NHKA Orkney). Ons gebed is dat julle gou deel sal voel van ons geloofsfamilie en dat julle jul eie unieke plekkie in ons bediening en diens sal vind.
- Hartlik geluk aan ons lidmate wat hierdie week verjaar! Lekker dag en mooi wense.
- Pasta & Kuier oggend, 31 Augustus 2025 om 11:00. Kaartjies in die kerkkantoor beskikbaar. Daar sal plek wees vir die eerste 100 persone wat bespreek.
- Bybelsondag: 17 Augustus 2025

LIEF & LEED:

- Tannie Susan Anfield is nou baie haar huis waar sy versorg word en aansterk. Sy behoort teen 1 September 2025 na Allen Park te verhuis.
- Gert Pretorius het laas Sondag hier by die trap in ons kerksaal geval en sy enkel gebreek. Hy is reeds laas

Sondag aand geopereer. Hy sterk by die huis aan. Die gemeente wens hom voorspoedige herstel toe.

KLOK:

(Kom ons staan vir die toetrede, die toetrede lied ~ VONKK 442: 1-3, die votum, die seëngroet en sang ~ Gesang 478: 1, 3 en 4 op vaste fondamente het God sy kerk gebou)

TOETREDE:
Here, U is ons vriend en koning, in eerbied buig ons neer. En kom ons in u woning sal ons U ewig eer (Gesang 153: 3).

TOETREDE: VONKK 442: 1-3 ~ Ons is tesame.

VOTUM:
Die Here sê: waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.

Tekste: Gesang 153: 3; Romeine 1: 7, 1933; Jeremia 31: 31-34, 2007.
Fokus teks: Efesiërs 2: 11-22, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

SEËN:

Aan al die geliefdes van God, geroepe heiliges: Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die Here Jesus Christus! (Romeine 1: 7, 1933). Amen.

SANG: Gesang 478: 1, 3 en 4 ~ Op vaste fondamente het God sy kerk gebou.

GELOOFSBELYDENIS: God skryf in ons harte

Hervormers is soms skrikkerig, of huiwerig, wanneer ons oor die Heilige Gees praat. Miskien is die ongemak deels omdat ons nie regtig die werking van die Heilige Gees ten volle verstaan nie, en andersyds omdat ons nie die Heilige Gees kan sien nie.

Die Heilige Gees word die hand van God wat ons lei, wat ons beskerm, wat ons troos, wat ons aanmoedig en wat ons bemoedig.

Daardie nuwe verbond wat in ons harte geskrywe is, is nie meer reëls en wette wat ons navolg nie, maar dit word

deel van ons karakter omdat die grootste gebod liefde is. Liefde vir God, liefde vir onsself en liefde vir ons naaste.

Jeremia 31: 31-34, 2007

31 Die Here sê: “Daar sal 'n tyd kom wanneer Ek 'n nuwe
verbond sal maak met die mense van Israel en die mense
van Juda. 32 Hierdie verbond sal nie wees soos die
verbond wat Ek gemaak het met hulle voorvaders nie. Ek
het hulle hande gevat om hulle uit die land Egipte te bring.
Hulle het my verbond gebreek, maar hulle behoort nog
aan My.”
33 Die Here sê: “Die verbond wat Ek later met die Israeliete
sal maak, sal só wees: Ek sal my wette op hulle harte
skryf sodat dit binne-in hulle sal wees. Ek sal hulle God
wees en hulle sal my volk wees. 34 Hulle sal nie meer vir
mekaar leer of sê: ‘Jy moet die Here ken’ nie. Hulle almal
sal My ken, onbelangrike en belangrike mense, want Ek
sal hulle sondes vergewe, die dinge wat hulle verkeerd
gedoen het, Ek sal nie meer dink aan hulle sondes nie.”

GEBED:

Tekste: Gesang 153: 3; Romeine 1: 7, 1933; Jeremia 31: 31-34, 2007.
Fokus teks: Efesiërs 2: 11-22, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

PREEK:

Hierdie hele jaar is die Bybelstudie groep al besig met die eerste twee hoofstukke van Paulus se brief aan die gemeente in Efese. Gedurende my studietoer na Turkeye het ons twee dae en Ephesus spandeer. Ek kon terugkom met baie foto's en dinge wat ek van hierdie stad en sy mense geleer het. Die foto's op die skerm vandag is in Ephesus geneem. Julle is welkom om my na die tyd daaroor uit te vra.

Tydens Paulus se sendingreise (daar was drie daarvan) het talle gemeentes oor die gebied van Klein-Asië ontstaan. Paulus het hierdie drie sendingreise te voet afgelê. Ongeveer sestien duisend kilometer met die voet om die evangelie aan alle mense te bring. Die meeste gemeentes waarvan ons hier en in die Nuwe Testament lees, is geleë in die land van die Turke (Turkeye).

Die gemeente is gestig toe Paulus na sy eerste sendingreis op pad was na Jerusalem. En tydens Paulus

se tweede sendingreis (53-57 nC) het Paulus in die stad gewoon en gewerk. Heelwat later stuur Paulus die jongman Timoteus om in die gemeente te gaan bedien.

Ons weet nie presies wanneer Paulus hierdie brief geskryf het nie, en ook nie waarvandaan nie. Wat wel duidelik is, is dat hy in die tronk is (Efesiërs 3: 1; 4: 1; 6:20) as hy hierdie brief skryf. Paulus was in drie stede in die tronk: Efese, Sesarea (57-60 nC) en Rome (61-63 nC en moontlik weer 66-67 nC).

Die meeste kommentare aanvaar Paulus het hierdie brief geskryf tussen 61-63 nC toe hy in Rome in die tronk was. Baie gelowiges van oraloor het by Paulus in die tronk in Rome kom kuier, ook Tigikus van Efese, saam met wie Paulus die brief na die gemeente in Efese gestuur het (Efesiërs 6: 21).

Oor die algemeen help die Efesiërbrief ons om te verstaan wat kerkwees beteken. Die kerk is volgens Paulus nie ‘n gebou nie, dit is ook nie ‘n organisasie of

geestelike klub nie. Die kerk is God se kinders, 'n gemeenskap van gelowiges, broers en susters van mekaar. Deur die brief gebruik Paulus verskillende beelde vir die kerk om klem te lê op die roeping van die gelowiges: 'n liggaam, 'n tempel, 'n bruid, 'n soldaat, 'n gemeenskap van gelowiges, familie van God.

Voordat ons 'n stukkie uit hierdie brief gaan lees, moet ons ook weet dat die brief deur Paulus as 'n algemene omsendbrief geskryf is. Die gelowiges in Efese moes die brief lees en dan aanstuur na 'n volgende gemeente, sê nou dalk aan die nabygeleë Kolosse. Hulle lees die brief en stuur dit weer aan 'n volgende gemeente. En vandag ontvang ons hierdie brief in Zuurfontein en ons lees 'n gedeelte daaruit saam. Ons moet hierdie inhoud ook weer aanstuur na ander, ons kinders, ons kleinkinders, ons vriende en ons broers en susters in die geloof.

SKRIFLESING: Efesiërs 2: 11-22, 1983

[11]Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is "onbesnedenes" genoem

deur dié wat hulleself “die besnedenes” noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam. [12]In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

[13]Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. [14]Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het. [15]Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig. [16]Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig. [17]Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was. [18]Deur Hom

het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.

[19]Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. [20]Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. [21]In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, [22]in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.

PREEK:

Wat ‘n aangrypende gedeelte uit Paulus se brief vir die gelowiges in Efese, vir ons vandag wat hier in die kerkgebou van Zuurfontein gemeente bymekaar gekom het.

Paulus, weet ons, sit in die tronk. Nie omdat hy ‘n krimineel is nie, maar vir sy geloof. Ja, hy sit letterlik in die haglike omstandighede van ‘n tronk van daardie tyd omdat hy Jesus Christus aan die wêreld bly verkondig

het. Tydig en ontydig. Dag en nag. As hy stil gesit het en as hy op reis was.

Paulus het na sy bekering, op pad na Damaskus, oorvloedige dankbaarheid in hom gedra. Ons vind dit duidelik in al Paulus se briewe, maar ook hier in die brief aan die Efesiërs. Die eerste hoofstuk loop oor in ‘n loflied (berakah in Hebreeus genoem). Paulus in ‘n tronk is dankbaar want die oorstromende redding in Jesus Christus staan vir hom voorop. Hy het soveel om oor te kla, maar hy kies om eerder dankbaar te wees vir die liefde van God wat hom deel geword het.

Paulus loop oor van dankbaarheid, omdat hy verstaan dat sy sonde eintlik die ewige dood vir hom moes beteken. Maar deur die genade van God, in Christus, is hy gered / vrygespreek / vergewe.

Nou wonder ek of ons mense van vandag nie net dalk te gewoond daaraan geraak het om te kla oor alles wat ons nie het nie of oor alles wat ons nie meer het nie. Paulus

se brief aan die gemeente laat my vandag wonder of ons nie vergeet het dat ons in Christus vrygespreek / vergewe / gered is nie. Dalk, net dalk, die rede waarom ons ondankbaar dink, praat en doen.

Paulus fokus in ons gedeelte verder op die feit dat Christus die muur tussen Jood en Griek afgebreek het. Griek hier verwys nie net na mense van Griekeland nie, maar na alle nie-Jode / heidene / onbesnedenes. In Christus word hulle nou deel van die van die huisgesin van God / burgers van die volk van God / deel van die geestelike huis van God.

Soos burgers gelyke status en regte het, soos gesinslede mekaar se broers en susters is, soos al die boumateriaal saam een gebou vorm so is alle kinders van die Here saam en gelyk.

Paulus waarsku dat gelowiges nie mure tussen mense moet opbou nie. Daar is so baie mure wat ons tussen mekaar kan bou, mure wat Christus afgebreek het soos:

ouderdom, voorkoms, intelligensie, politieke oortuigings, finansiële status, ras of leerstellige oortuigings.

Geen gelowige hoef dus meer soos ‘n bywoner tussen ander gelowiges te voel nie. Weg met terme soos daai tannie van my is ‘n groot Christen. In Christus is ons almal een en gelyk, bloot broers en susters van mekaar. Almal kinders van ons hemelse Vader: die Drie-enig God.

Ons durf dus nie langer onder gelowiges te praat van ons en hulle nie. Geen gelowige kan of mag op ‘n ander broer of suster afkyk (of trap) omdat hulle armer as jy is nie, omdat hulle van ‘n ander volk as jy is nie, omdat hulle nie dieselfde belangrike status as jy beklee nie. Ek is wie ek is in Christus!

Gaan lees weer hierdie gedeelte, eintlik wil ek vra, gaan lees die hele brief aan die Efesiërs op eenslag deur. ‘n Omsendbrief wat ook bedoel is om vir my en jou leiding te gee. Daarom dat Paulus hierdie brief skryf aan almal wat aan God en in Christus Jesus glo.

Tekste: Gesang 153: 3; Romeine 1: 7, 1933; Jeremia 31: 31-34, 2007.
Fokus teks: Efesiërs 2: 11-22, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

Nou in Christus is ...

- Jy ‘n voorwerp van God se liefde.
- Jy saam met Christus vir ewig lewend gemaak.
- Kies jy vir Christus se pad.
- Leef jy ewig.
- Is jy ‘n kind van God.
- Is jy uit genade gered.
- Is jy in diens van God.
- Laat jy jou lei deur die Heilige Gees.
- Is jy familie van God.
- Is jy burger van God se volk.
- Is jy nie langer ‘n bywoner nie.

Amen.

SANG: Psalm 84: 1, 2 en 1

GEBED:

SEËN:

Tekste: Gesang 153: 3; Romeine 1: 7, 1933; Jeremia 31: 31-34, 2007.
Fokus teks: Efesiërs 2: 11-22, 1983.
Liedere: VONKK 442: 1-3; Gesang 478: 1, 3-4; Psalm 84: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

Genade en vrede vir julle van God ons Vader, van Jesus Christus ons Here en van die Heilige Gees. Amen.

SANG: Gesang 308: 1-5